Tjokkies Preprimêr
TEL: 051-522 3628
preprim@tjokkies.co.za

# Tjokkiebrief

30 Januarie 2025
Kw. 1 NUUSBRIEF 2

## Eerste Ouervergadering 2025

Baie dankie vir u as ouers se teenwoordigheid en belangstelling by die vergadering. Baie dankie ook aan elke mamma/pappa wat hul naam by 'n komitee opgegee het. Ons verstaan dat ámal nie by 'n komitee betrokke kan wees nie, maar dat u ook op ánder maniere vir Tjokkies kan ondersteun. Ons beklemtoon graag belangrike inligting soos op die vergadering deurgegee:



## Woord van die jaar: "Kyk"



In 2025 wil ons kyk om werklik raak te sien!

**Kommunikasie** – Kyk, sien en onthou reëlings wat dmv w/app of nuusbriewe getref word

**Welstand** – Kyk mooi na jouself en jou kind


**Omgee** – Kyk uit vir mekaar (ouers, onderwysers en mekaar se kinders)

## Ondersteunersonderrig

Kinderkinetika en Klasmusiek is by die skoolgeld ingesluit. Wanneer addisionele/ekstra hulpverlening nodig raak vir 'n kleuter om sekere vaardighede en mikpunte te bereik, word die kleuter vir die Smartee klassies wat by die skool plaasvind verwys. Wanneer ons bekommerd is oor groter uitvalle of agterstande word die kleuter vir Arbeidsterapie of Spraakterapie verwys. Verwysings word nie onnadenkend gedoen nie, maar uitsluitlik as dit onvermydelik is en in belang van die kleuter.

## Tjokkiedrag

Tjokkiedrag word **Dinsdae** en **Donderdae** gedra. Sodra die geborgde kaalvoet-hempies gereed is word dit Maandae gedra. Alle skooldrag móét met rooi, wit of navy bybehore gedra word. Geel in haarrekkies is ook toelaatbaar. Enige tekkies of plakkies, wit kouse of Tjokkie-kouse en nie hakskoentjies nie.



## Skooltye

Die skool open 6:50

Probeer kleuters vóór 7:45 by die skool hê

Oggendkleuters verdaag tussen 12:30 en 13:10

Middagkleuters  tussen 15:10 en 17:10

Middagpersoneel moet ook reeds 17:10 verdaag




## Voortuin/ Agtertuin reël

Om 12:25 verdaag alle oggendkleuters na die voortuin en álle middagkleuters na die agtertuin. Wanneer 'n middagkleuter vroeg afgehaal gaan word, verdaag hy/sy stééds na die agtertuin saam met die middagkleuter-groep. Die kleuter kan dan dáár afgehaal word.

## Parkering





**Wees bedagsaam in die parkeerterrein.**

**Moet asseblief nie onder afdakke parkeer nie.**

**Géén kind mag in die parkeerarea hardloop of onvergesel wees nie.**



## Bederfdag

R100 per kwartaal is betaalbaar vir Bederfdag. Kyk uit vir die uitnodiging **middel Februarie vanaf Karri.**

(Geen betaling vir 4de kwartaal se Bederfdae nie)

## Kommunikasie


W/app kommunikasie asseblief slegs tussen klasjuffrou en ouer, nie assistente nie.

Vir boodskappe deur die loop van die oggend, kontak Sanet by die kantoor.



Pettedag

Dinsdag, 4 Februarie



## Kosblikke



Asseblief géén lekkers, soet koekies of chippies in die kleuters se kosblikke nie, ook nie Vrydae nie. Daar is soveel gesonde lekkernye, wat goed is vir jong groeiende lyfies, om saam met die broodjies in te pak.

**"Happie-tyd" is eers na 9 en 'n kleuter kan nie op 'n honger magie funksioneer nie. Alle kleuters móét asb tuis iets eet voordat hul skool toe kom, al is dit net 'n bietjie.**

## Konkrete werkswyse

Tjokkie kleuters werk en leer deur konsepte, begrippe, kennis en vaardighede met hul hele lyfie en al hul sintuie te ervaar, daarom word akademiese werkvelle beprek.



## Buitemuurs

Privaat buitemuurs geskied ná 15:10 in die namiddae. Die buitemuurs het reeds hierdie Maandag begin, skryf u kleuter so gou as moontlik in as u belangstel.




## Netbal, rugby, hokkie skoolverband

Tjokkie kleuters word êrens deur die loop van die jaar (soos dit ingepas kan word) aan hierdie sportsoorte blootgestel deur betrek te word by afrigting wat deur die Primêre Skool aangebied word. Maw dit gebeur nie die hele jaar nie, maar daar is tye wat ons Gr R kleuters 'n bietjie voorberei word vir sportdeelname in Gr 1. Dit sal gedurende skooltyd plaasvind en is 'n gratis diens wat gelewer word.



## Verjaarsdae

Wanneer 'n kleuter verjaar is u welkom om een klein versnapering saam te stuur vir die klassie, maar dis nie 'n noodsaaklikheid nie. Toelaatbare versnaperinge is pankoek, kolwyntjies, 'n stokkie-roomys, 'n klein pakkie lekkers of 'n doughnut. Een soort item is voldoende. Asseblief nie koeldrank nie, die kleuters kry koeldrank. Ook nie partytjie bybehore nie. U kan 'n kersie saam stuur, maar asseblief géén vuurhoutjies in 'n kleuter se tas nie. Baie dankie vir u begrip in hierdie verband. Ons maak graag u kleuter se verjaarsdag spesiaal vir hom/haar!




All I have to know in life (Robert Fulghum)

# Swem

**Die eerste swem-Vrydag was héérlik vir die kleuters! Hier volg die swemreëls – lees dit asseblief weer deur voor Vrydag.**







## SWEM



**<u>Swembadreëls</u>**

1) Trek Vrydae klere aan wat kleuters <u>maklik</u> self kan aan- en uittrek.
2) Moenie die swemklere onder die dag se klere aantrek nie!
3) Bring die swemklere en handdoek in ‘n winkelsakkie binne-in die Tjokkietas saam.
4) Smeer soggens tuis klaar sonroom aan. (As ons almal moet smeer, maak dit die swemtydjie kort)
5) Hulpmiddels soos vlerkies is aan die begin toelaatbaar vir kleuters wat onseker voel. (Dit moet asb tuis klaar opgeblaas word)
6) Geen poolnoodles of tjoepies nie. Swembrille is toelaatbaar as dit noodsaaklik is.
7) Al voel ‘n kleuter dat hy/sy nie wil swem nie, stuur asb steeds die swemklere saam. Hulle sit voetjies in die water en kry soms lus om in te gaan.
8) Dogtertjies moet met ‘n swempet swem of ‘n stywe franse vlegsel in die hare hê vir swem.
9) Swemklere word weer ná die swemperiode uitgetrek en in die winkelsakkie in die tas huis toe geneem. Leer u kleuter dat dit so gedoen moet word.
10) Alle klere en handoeke moet asb duidelik gemerk wees.Baie dankie vir u begrip. Ons hoop dat die kleuters die swem baie sal geniet!

# Tjokkies 2026

Graad R & Graad RR aansoeke open Saterdag om 5:00 op Google-forms.

www.tjokkies.co.za

Herinner asseblief u familie en vriende





## Uitknipwerk

Een keer per jaar wil ons graag van u hulp gebruik maak vir die uitknip van sekere vormpies of prentjies, omdat ons so baie daarvan nodig het vir 'n jaar se skeppende aktiwiteite.

Indien u 'n beurt kry en hierdie "werkie" in u kleuter se tas kry, sal ons baie dankbaar wees as u kan help. Dit hoef nie onmiddelik teruggestuur te word nie, u kan 2 tot 3 dae daarvoor gebruik.

Nogmaals dankie!



# Kaalvoethempies

Ons benodig steeds borge vir hierdie hempies en sal dit graag so gou as moontlik wil bekom om dit vir die kleuters beskikbaar te kan stel sonder dat dit aangekoop hoef te word, indien enigsins moontlik.

Baie dankie vir u ondersteuning.

Tjokkies
kaalvoetkleuters